VOLKSBLAD (Noord Kaap)
23 Sep 2011, p.8

**PROMOSIE: FAKULTEIT REGSGELEERDHEID: ERF- EN TRUSTREGKONFERENSIE**

# Konferensie aangebied

DIE tweede nasionale konferensie oor erf- en trustreg is verlede week in Bloemfontein aangebied.

Prof. Francois du Toit van die Universiteit van die Wes-Kaap het verlede jaar die eerste konferensie van dié aard op Stellenbosch aangebied.

Die konferensie bied geleentheid aan gevestigde en opkomende akademici van regsfakulteite oor die land heen, asook trustpraktisyns, om referate te lewer, relevante aangeleenthede te bespreek en te debatteer oor sake binne dié vakgebiede.

Mnr. James Faber, dosent in erfreg en boedelbereddering, en dr. Bradley Smith, dosent in trustreg, het vanjaar dié konferensie in die Vrystaat namens die departement privaatreg aan die fakulteit regsgeleerdheid aan die UV gereël.

Die konferensie is op Donderdag 15 September deur 'n Fisa- (Fiduciary Institute of South Africa) konferensie voorafgegaan.

Die Fisa-konferensie is deur adv. Louis van Vuren, die waarnemende hoof van die instituut en verteenwoordiger van die dinee-borg, gereël. Die Fisa-konferensie was 'n geleentheid vir die publiek om meer oor erf- en trustreg te leer. Adv. Wessel Oosthuizen, direkteur van die Sentrum vir Boedelbeplanningsreg en Finansiële Beplanningsreg, was die borg van die konferensie.

Sowat 60 gaste het die Fisa-konferensie bygewoon waaronder die hoofmeester van die hooggeregshof en die meester van die Vrystaatse hooggeregshof, finansiële beplanners, praktiserende prokureurs, trustpraktisyns en akademici.

Ná die dag se verrigtinge het appèlregter Fritz Brand gaste op 'n toer deur die appèlhof geneem voordat hulle 'n informele aandete genuttig het.

Die Erf- en Trustregkonferensie op 16 September is op die De Oude Kraal-landgoed buite Bloemfontein aangebied.

Prof. Willie van der Westhuizen, 'n buitengewone hoogleraar aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) en praktiserende prokureur by Millers Inc-prokureurs, was die hoofspreker op die geleentheid. Prof. Johan van Schalkwyk, wat al meer as 30 jaar by die UV betrokke is en jare se praktisynskennis het, was 'n eregas op die konferensie.

Ná die formele aanbiedings kon konferensiegangers 'n bietjie ontspan, skyfskiet en skemerdrankies geniet. Die konferensie is met 'n uitsonderlike ete in De Oude Kraal afgesluit.

Die konferensiegangers het die akademiese en sosiale deel van die konferensie baie geniet en gesê die aanbiedings was van hoogstaande gehalte. 'n Konferensieganger het ná die tyd opgemerk dat die dag 'n baie goeie advertensie vir die UV se fakulteit regsgeleerdheid was.



**DEELNEMERS** aan die Erf- en Trustregkonferensie wat op 16 September op De Oude Kraal aangebied is, was van links, voor: prof. Linda Schoeman-Malan, me. Anje Vorster, mev. Henda Steyn, adv. Shirly Hyland en mev. Rika van Zyl; tweede ry: adv. Wessel Oosthuizen, dr. Bradley Smith, prof. Johan van Schalkwyk en mnr. James Faber; derde ry: prof. Marius de Waal, mnr. Kenneth Mould en prof. Willie van der Westhuizen; agter: prof. Francois de Villiers, prof. Jean Sonnekus, prof. Anton van der Linde, prof. Francois du Toit, adv. Sankie Moraka, adv. Louis van Vuren en mnr. Johann Jacobs.

FOTO'S: VERSKAF



**SOMMIGE** van die sprekers op die Erf- en Trustregkonferensie op 16 September op De Oude Kraal was van links adv. Wessel Oosthuizen, adv. Louis van Vuren, proff. Willie van der Westhuizen, Marius de Waal en Jean Sonnekus.



**SPREKERS** en gaste op die konferensie op De Oude Kraal was van links, voor: prof. Francois de Villiers, prof. Marius de Waal, mej. Anje Vorster, prof. Linda Schoeman-Malan en adv. Sankie Moraka; agter: proff. Jean Sonnekus, Anton van der Linde, Francois du Toit, adv. Louis van Vuren, prof. Willie van der Westhuizen en mnr. Johann Jacobs.



**SPREKERS** wat die Fisa-konferensie op 15 Oktober in die CR Swart-ouditorium bygewoon het, is van links, voor: adv. Wessel Oosthuizen, mev. Ronel Williams en mnr. Jannie du Plessis (meester van die hooggeregshof in die Vrystaat); agter: adv. Lester Basson (hoofmeester), dr. Bradley Smith, adv. Louis van Vuren, proff. Francois du Toit, Anton van der Linde, Linda Schoeman-Malan en mnr. James Faber (organiseerder).

Tel: 051 401 2451 | E-pos: law@ufs.ac.za

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

UFS·UV
LAW
REGSGELEERDHEID